

## Die Here is nie by julle nie... (OP47)

Num 14:1-4, 26-45

4 Julie 2021

Ons is besig om te besin oor die gebeure by Kades-Barnea. Ons het al gekyk na die twee verslae wat die verkenners gelewer het na hulle verkenningstog deur die beloofde land. Ons het gesien dat die 10 verkenners vasgekyk het teen die inwoners van die land se getalle en sterkte, terwyl hulle nie rekening gehou het met die Here wat in hulle midde is nie, ook nie met Sy beloftes aan hulle nie, en ook nie met dit wat die Here alreeds in hulle midde gedoen het nie. Laasweek het ons gekyk na die optrede van Moses toe hy vir die volk by die Here ingetree het. Hy het hom beroep op die beskerming van die eer van die Here se Naam, asook op die karakter van die Here, en gepleit dat die Here sodanig moet optree dat Sy mag bekend sou word. Daarna het ons ook gekyk na die optrede van die Here: Hy het ter wille van Sy eer opgetree, binne Sy raadsplan en binne Sy karakter. Die Here het bekend gemaak Sy besluit was dat diegene wat Hom geminag het, beslis nie die land sal inneem nie. Met die uitsondering van Josua en Kaleb, sal al die volkslede wat 20 jaar en ouer was, in die woestyn sterf oor die loop van die volgende 40 jaar.

Vandag wil ek stilstaan by die optrede van die volk en wat ons daaruit kan leer. Ek wil stilstaan by die volgende punte: (1) Optrede van die volk, (2) Sonde van die volk, (3) Die Here se oordeel oor die volk, (4) Implikasies vir ons uit die eerste geslag, en (5) Implikasies vir ons uit die tweede geslag.

### Optrede van die volk

In Num 14:1-4 lees ons die reaksie van die volk na die verslae van die verkenners gelewer is: Hulle het die heelnag gekla (NAV) en gehuil (OAV). Hulle het hulle vernet teen Moses en Aäron, en ook teen die Here. Hulle kla dat dit vir hulle beter sou gewees het as hulle maar eerder in Egipte of die woestyn gesterf het. Hulle bevraagteken die doel van die Here om hulle na die beloofde land te bring, veral omdat hulle oortuig is hulle gaan doodgemaak word as hulle die land probeer inneem, en dat hulle vrouens en kinders krygsgevangenes sal word. Hulle bereik die punt in vers 4 waar hulle redeneer dat hulle maar 'n ander leier moet kies om hulle terug te neem Egipte toe. Hierdie leier moet natuurlik vir Moses vervang, wat hulle tot hiertoe gelei het.

Ons lees in v36-38, nadat die Here Sy besluit oor die volk bekend gemaak het, dat die 10 verkenners wat die slegte gerug oor die land versprei het, direk aan 'n plaag gesterf het. Die Here het die plaag gestuur. Hierdie 10 was dus die eerstes wat gesterf het, en oor die volgende 40 jaar sou die res van die volk ook sterf. In vers 39-40 lees ons dat die volk skielik van plan verander het – hulle erken hulle was verkeerd, en nou wil hulle wel optrek om die beloofde land te gaan inneem. Moses waarsku hulle (v41-43) dat hulle nie moet optrek nie, want die Here is nie by hulle nie, en hulle kan verwag om deur hulle vyande verslaan te word. Maar hulle was vermetel genoeg om tog op te trek, selfs al het Moses en die verbondsark nie saamgegaan nie (v44). En dan word die volk verslaan deur die Amalekiete en die Kanaäniete (v45).

### Sonde van die volk

In die eerste plek moet ons raaksien dat die volk hulle ook skuldig maak aan dieselfde sondes waaraan die 10 verkenners skuldig was: Hulle het nie die Here se beloftes ernstig opgeneem nie – Hy het van die begin af duidelik gemaak dat hierdie ander volke in die land sal wees, en die implikasie was dat die volk hulle sal moet uitdryf. Hulle was ook skuldig daaraan dat hulle nie bemoedig was deur die werk van die Here in hulle midde oor die afgelope 14 maande nie. Die gevolg is nou dat

hulle aan die inname van die land dink sonder om die teenwoordigheid van die Here in hulle midde te verreken en daardeur bemoedig te word.

Boonop bereik hulle die punt waar hulle Moses wil vervang met 'n ander leier. Maar onthou nou, Moses was die leier wat hulle tot hiertoe gebring het. Moses het telkens wanneer hulle gemurmureer het, vir hulle ingetree by die Here. By Sinai het hulle gevra dat Moses eerder namens hulle met die Here moes praat. En toe Mirjam in opstand gekom het teen Moses se gesag, het die Here baie duidelik gemaak Moses is baie uniek, en Hy het hulle gekonfronteer oor hoekom hulle nie bang was om so teen Moses op te tree nie. Ondanks dit alles, doen die volk nou dieselfde – hulle keer hulle rug op Moses. As ons in Nuwe Testamentiese terme hieroor wil dink, moet ons onthou Moses is 'n tipe van Jesus. Hy is die tussenganger tussen die volk en die Here, soos Jesus. Hy is ook die een wat die wil van die Here aan die volk bekend maak, soos Jesus. As die volk dus hulle rug op Moses draai, is dit die ekwivalent van om in Nuwe Testamentiese taal jou rug op Jesus te draai – en ons weet hoe ernstig dit is. Sonder Jesus kan niemand die ewige heerlijkheid bereik nie. En daarom tree die Here baie ferm op – nie een van 20 jaar en ouer sal die beloofde land sien nie.

As die volk wel die punt bereik waar hulle erken hulle was verkeerd, is dit maar 'n oppervlakkige bekering – want sien hulle het nog steeds nie geleer om na die Here te luister nie. Hulle trek hardkoppig op teen hulle vyande – al het Moses dit baie duidelik gemaak hulle moet dit nie doen, selfs al het Moses en die verbondsark nie saamgetrek nie – en dit terwyl die opdrag van die Here duidelik was: hulle moet net trek as die wolk optrek, en as die verbondsark in hulle midde trek. Ten spyte van hulle sogenaamde bekering, tree hulle steeds eiesinnig op.

#### Die Here se oordeel oor die volk

Die oordeel van die Here is ingrypend: Met die uitsondering van Josua en Kaleb sal almal bo 20 jaar oor die loop van die volgende 40 jaar in die woestyn sterf. Onthou nou Num 1:46: Daar was 603 550 mans bo 20 jaar. Kom ons aanvaar daar was net soveel vroue – dan was daar net meer as 1,2 miljoen persone bo 20 jaar. Jy kan die sommetjie gaan maak – dit beteken gemiddeld gaan daar 83 mense per dag sterf oor die loop van die volgende 40 jaar. Een ding wat die covid19 pandemie ons geleer het, is om 'n gevoel te ontwikkel vir hierdie getalle. Afgelope Maandag, in die midde van die derde covid19 golf, het daar 138 mense in Suid Afrika gesterf aan covid19. Maar Suid Afrika se bevolking is meer as 50 miljoen – meer as 40 keer soveel as die volk destyds. As die vlak van sterftes in Suid Afrika dieselfde moet wees as wat die sterftesyfer onder die volk was a.g.v. die oordeel van die Here, sal daar meer as 5000 mense daaglik in Suid Afrika moet sterf! En dit hou nie aan vir 'n paar weke, soos 'n tipiese covid19 golf nie – nee, dit hou aan vir 40 jaar! Ja, ek weet, dit is nie 'n heeltemal regverdige vergelyking nie (mense sterf ook aan ander oorsake as covid19), maar ek hoop dit gee 'n gevoel van hoe ingrypend die oordeel van die Here was.

Dink jou die situasie in: Meer as 80 begrafnisse per dag oor 40 jaar. En by elke begrafnis moet daar erken word: “Die rede vir die sterfte is omdat ons die Here geminag het” – 80 keer per dag, vir 40 jaar! As jy een van die 1ste geslag was van 20 jaar en ouer, het jy geen hoop nie: jy het geen hoop op die beloofde land nie, jy het selfs nie die hoop om terug te gaan Egipte toe nie, jy kan maar net wag tot dit jou tyd is om in die woestyn te sterf. Gestel jy was een van die tweede geslag jonger as 20 jaar: Ja, dan jy het hoop om oor 40 jaar die land in te neem. Maar as jy net jonger as 20 was, gaan jy 60 wees wanneer dit realiseer. Jy gaan die fleur van jou lewe in die woestyn slyt. En wat dit nog erger maak – dit is die resultaat van jou ouers se optrede. Is dit regverdig?

#### Implikasies vir ons uit die eerste geslag

Ek het al herhaalde male verwys na 1 Kor 10 wat ons leer dat hierdie gebeure voorbeelde en waarskuwings is vir ons. Ek het ook hierbo verwys na die feit dat Moses 'n OT tipe is van Jesus. Ons het ook al in die verlede verwys dat die OT volk 'n tipe is van die NT kerk. Wel, as dit waar is, beteken dit dat beide die eerste geslag wat in die woestyn gesterf het, asook die tweede geslag wat wel die beloofde land ingeneem het, tipes is van persone in die kerk. Onthou nou verder: die volk is verlos uit die slawehuis van Egipte, hulle is nou op die woestyntog na die beloofde land, en ons weet nou dat die tweede geslag wel die beloofde land sal bereik, maar die eerste geslag gaan in die woestyn sterf. Dit is ook die verlossingspad van die gelowige: Soos die volk verlos is uit Egipte, word die gelowige verlos uit sy sondedood – ons noem dit regverdigmaking. Soos die volk deur die woestyn trek op pad na die beloofde land, trek die gelowige deur hierdie lewe op pad na heerlijkheid – ons noem dit heiligmaking. Soos die tweede geslag wel die beloofde land bereik, bereik die gelowige die heerlijkheid – ons noem dit heerlikmaking.

Maar nou het ons 'n probleem met die eerste geslag: Hulle is verlos uit Egipte, hulle is op pad na die beloofde land, maar hulle bereik nooit die beloofde land nie. Lees 1 Kor 10:1-6. Let op hoe die klem gelê word op “almal” wat gered is uit Egipte en die beskerming in die woestyn verduur het – maar tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie. Sien jy die probleem? As die gebeure met die volk 'n tipe is van wat die kerk kan verwag, impliseer dit daar mense is wat oënskynlik gered en geregverdig is, mense wat oënskynlik op die pad van heiligmaking is, maar wat nie by heerlikmaking gaan uitkom nie. Daar moet dus twee groepe in die kerk wees: die ekwivalent van die eerste geslag wat nie by heerlijkheid gaan uitkom nie, en die ekwivalent van die tweede geslag wat wel by heerlijkheid gaan uitkom!

Ek hoop teen hierdie tyd is al die rooi ligte in jou gereformeerde gemoed aan! Ek hoop jy wil my al beskuldig van valse lering! Immers, het Jesus nie in Joh 10:28 geleer dat Hy aan Sy skape die ewige lewe gee en dat hulle in alle ewigheid nie verlore sal gaan nie, en dat niemand hulle uit Sy hand sal ruk nie? Lees ons dan nie in Rom 8:30: “die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik” nie? Is die gebeure by Kades-Barnea 'n voorbeeld en waarskuwing aan ons dat nie almal wat geregverdig is en wat op die pad van heiligmaking is, by heerlikmaking gaan uitkom nie? Is dit 'n waarskuwing dat nie almal wat aan die kerk behoort, in heerlijkheid gaan eindig nie?

Wel, nou moet ons bietjie dieper grawe om dit behoorlik te verstaan. Lees saam met my Heb 6:4-6. Hierdie verse is natuurlik ook kontroversieel. Daar word deur sommiges geredeneer dat hierdie verse ook leer dat iemand “uit die geloof kan val”, m.a.w. dat dit nie so eenvoudig is as om te sê as jy eenmaal gered is, sal jy altyd gered wees, nie. Ek is egter oortuig dat die manier waarop Calvyn hierdie verse geïnterpreteer het, die meer korrekte interpretasie is. Kom ons kyk na die beskrywing van hierdie persone:

- Hulle is eenmaal verlig deur God – natuurlik is dit so dat God 'n mens se hart moet verlig om sy eie nood raak te sien, asook om die verlossing deur Jesus Christus raak te sien. Maar dit verg meer as 'n eenmalige verliggende werk – dit vra 'n voortdurende verliggende werk in die hart van so 'n mens. Dink aan die volk – hulle het by Sinai gestaan en iets van die heerlijkheid van die Here gesien, hulle was selfs bang – soveel so dat hulle gevra het Moses moet eerder met die Here praat. Maar hulle het dit gou weer vergeet. Die vrees was maar net daar vir 'n oomblik. Netso kan mense week vir week na die prediking luister, hulle kan selfs opgewonde raak daarvoor, maar dit verander nie hulle lewens nie, teen Dinsdag het hulle dit weer vergeet.
- Hulle het die hemelse gawe gesmaak (OAV) – dit beteken hierdie mense het iets ervaar, geproe van die hemelse gawe. Dink aan die volk: hulle het die manna geproe. Ons het al

gesien hoe die manna beskryf is in Ps 78:24-25 as hemelse brood. Maar alhoewel hulle van die hemelse brood geëet het, het hulle nie die Here agter die manna raakgesien nie. Netso kan mense in 'n gemeente wees, hulle kan selfs aan die nagmaal deelneem en iets proe van die hemelse. Maar dit is bloot 'n uiterlike handeling wat nie gedoen word uit 'n opregte soeke na die verlossing wat Jesus bring nie.

- Hulle het deel gekry aan die Heilige Gees – die Heilige Gees werk op meer maniere as saligmakend in die harte van ware gelowiges. Dink aan die Heilige Gees wat deur Saul gewerk het. Ons het al verwys na die wolk wat die volk gelei het, en gesê dit is 'n tipe van die leiding van die Heilige Gees. Maar die volk het nie werklik die Here agter die wolk raakgesien nie – net die wolk. Netso kan mense fisies deel wees van 'n gemeente waar die Heilige Gees werksaam mag wees, alhoewel hulle iets ervaar van die werk van die Heilige Gees om hulle, het hulle nie nuwe harte van vleis waarin die Heilige Gees woon nie.
- Hulle het die goeie woord van God gesmaak (OAV) – die volk was blootgestel aan die Woord van die Here – dink maar aan die openbarings by Sinai, en die talle kere wat die Here deur Moses met hulle gepraat het. Maar hulle het nie die Here raakgesien nie. Netso, kan 'n mens die Bybel ken, sonder om die Here te ken. Ek ken uitgesproke ongelowiges wat gereeld die Bybel aanhaal – hulle het iets gesmaak daarvan, maar glo dit nie.
- Hulle het die kragte van die toekomstige wêreld gesmaak (OAV) – die volk was bevoorreg deurdat hulle verkenners na die beloofde land kon stuur, hulle het in die verslae gehoor dit is 'n land wat oorloop van melk en heuning, hulle het selfs die vrugte van die land gesien. Maar dit het nie beteken hulle wil die land inneem nie. Netso kan mens deel van 'n gemeenskap van gelowiges wees en die onderlinge liefde ervaar en waardeer – sonder om werklik die Here te erken.

Ek is oortuig dit is die dringende waarskuwing aan ons. Soos wat die volk talle belewensisse gehad het waarin hulle die goedheid van die Here ervaar het, het hulle hulle nooit werklik verbind om te doen wat die Here van hulle verwag het nie. Die waarskuwing aan ons is dat daar mense in die gemeente kan wees wat oënskynlik geregverdig is en oënskynlik op die pad van heiligmaking is, maar wat nie werklik die Here ken en dien nie. Hulle kan al die regte dinge doen: hulle voeg hulle by 'n gemeente, hulle luister na die Woord, hulle neem selfs deel aan die gebruik van die sakramente, hulle geniet selfs die gemeenskap van die heiliges waar die Heilige Gees aan die werk is, maar hulle is nie werklik gered nie, en daarom gaan hulle nie in heerlijkheid kom nie.

Kan ons seker wees ons leef nie in hierdie valse illusie van gered wees, terwyl ons nie werklik gered is nie? Kyk na Heb 6:9-12. Hier sê die skrywer hy is oortuig dat sy lesers wel werklik gered is. Hoekom is hy so oortuig hiervan? Want hy sien sekere dinge in hulle lewens:

- Hy sien dade wat van liefde getuig (v10) – beide liefde vir die Here en liefde vir medegelowiges. Let op, hy verwys nie net na liefde nie, nee, hy verwys na liefde wat sigbaar word in dade. As jy oortuig wil wees jy sal eendag in heerlijkheid arriveer, moet jy uit jou lewe dade kan wys wat getuig van jou liefde vir die Here en jou medegelowiges. Liefde sonder dade is maar net 'n gevoel waarmee jy nie die beloofde land gaan sien nie, en dade sonder liefde is teen God se wil, en daarmee gaan jy ook nie beloofde land sien nie.
- Verder moet hierdie dade van liefde volgehou word tot die einde toe (v11-12) – 'n kortstondige oplewing in liefdesdade is nie 'n bewys van ware geloof nie, nee, dit moet voortdurend gedemonstreer word tot die einde toe. Immers kom dit uit 'n nuwe hart van vleis wat voortdurend streef om die wil van die Here te doen.

Die skrikwekkende is dat die Hebreërskrywer sê dat as so iemand afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. Dit is ook wat die Here by Kades-Barnea gesê het: So seker as Hy leef, en so seker as wat Sy heerlijkheid die aarde sal vul, so seker sal hierdie mense nie die beloofde land sien nie. Geliefdes, hierdie is 'n dringende waarskuwing aan elkeen wat sê dat hy 'n gelowige is: Is jy werklik 'n ware gelowige?

### Implikasies vir ons uit die tweede geslag

As jy 'n lid van die tweede geslag was, het jy die verwagting gehad om vir 40 jaar in die woestyn rond te swerf. Ja, jy het ook die verwagting om daarna die beloofde land in te neem – maar jy gaan eers vir 40 jaar in die woestyn wees. Wat dit nog moeiliker maak, is die feit dat dit die gevolg is van jou ouers se ongehoorsaamheid. Mense van ons tyd sal redeneer: dit is onregverdig. In elk geval, wat is die sin daarin om 'n groot deel van jou lewe in die woestyn te slyt?

Solank dit jou redenasie is, redeneer jy nog soos die wêreld, en nie soos die Here nie. Die Here sien nie hierdie lewe as die einddoel nie, maar as die voorbereiding tot Sy einddoel – waaraan Hy ons herinner het dat dit die vul van die aarde met Sy heerlijkheid is. Die feit van die saak is dat die optrede van die volk oor die afgelope 14 maande getoon het hoe diep die verdorwenheid van die mens is – selfs onder lede van die volk wat soveel beleef het van God se heerlijkheid, Sy bemoeienis en versorging. Daar is baie heiligmaking wat moet plaasvind sodat God Sy einddoel kan bereik. En dit is wat die tweede geslag gaan ervaar: heiligmaking in die woestyn vir 40 jaar, maar met die hoop van heerlijkheid aan die einde van die 40 jaar.

Die Nuwe Testament praat dikwels hieroor. As voorbeeld, lees 1 Pet 1:3-7. Hier lees ons dat die Here aan gelowiges die nuwe lewe geskenk het – en dat dit die hoop inhou op 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis. Hierdie erfenis word in die hemel vir gelowiges bewaar – dit is die ware beloofde land! Maar, let op, dit is nie al wat bewaar word nie – die gelowiges word ook bewaar deur die krag van God (v5) om dit eventueel in ontvangs te neem. Maar op pad na daardie einddoel, is dit tog nodig dat hulle geloof gelouter moet word deur allerhande beproewings – en dit gebeur op die woestynpad na die beloofde land toe.

Is dit onregverdig as die Here dit oor hulle bring? Nee, dit is tot hulle voordeel. Die Here weet Hy is heilig, en Hy weet dat Hy vermag dat hulle heilig moet wees soos Hy. Hy wil hulle juis by hierdie heiligheid uitbring deur hulle te louter – sodoende kan Hy Sy belofte aan hulle gestand doen dat hulle die beloofde land kan erf.

Ek sluit af: Die afgelope week het ons ons laat inent teen covid19. Voor my in die ry staan daar 'n man, ongeveer my leeftyd. Maar hy kan nie regop staan nie – sy bolyf vorm bykans 'n hoek van 90 grade met sy onderlyf. Hy vertel my hy het oor die afgelope 27 jaar 7 rugoperasies gehad, want hy ly aan osteoperose wat hy van sy ma geërf het. Is dit nie onregverdig nie? Wat het hy verkeerd gedoen om dit van sy ma te moes erf? Uit wêreldse oorwegings mag dit so wees. Ek ken die man glad nie, ek weet nie of hy 'n gelowige is of nie. Ek weet wel dat ek nie enige bitterheid by hom opgetel het nie. Hy was selfs bereid om sy beurt in die ry af te wag tot hy voorkom. Genadiglik het die personeel hom kom haal en voor in die ry geplaas. Dit is 'n prentjie van wat die Here besig is om in Sy kinders te bewerk deur hulle deur die woestyn na heerlijkheid te lei – 'n goeie begrip die einddoel is nie hierdie lewe nie. Die doel is om in hierdie lewe te leer om heilig te wees, en om sodoende deel te mag hê aan God se einddoel – dat die aarde gevul sal wees met Sy heerlijkheid.

Mag dit waar wees dat ons elkeen deel van die tweede geslag is wat wel die beloofde land sal inneem, en intussen ons oefen in heiligmaking in voorbereiding op daardie onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis.